basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/**
**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

# AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

## MEI/JUNIE 2024

## NASIENRIGLYNE

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 18
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.**

Goedgekeur
Ms SM Barnard
Interne Moderator: DBE
18 Mei 2024

Goedgekeur
Ms R Bence
Eksterne Moderator: Umalusi
18 Mei 2024

Goedgekeur
Dr D Lawrence
Eksterne Moderator: Umalusi
18 Mei 2024

*Kopiereg voorbehou*

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir JA/NEE-, WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word geen punte vir JA/NEE, WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 18
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 1: LEESBEGRIP

### TEKS A: ARTIKEL
[Verwerk uit *Huisgenoot*, 18 Februarie 2023]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1.1 | Strand | 1 |
| 1.1.2 | Boeta | 1 |
| 1.1.3 | eerlik | 1 |
| 1.2 | (Hoërskool) Harold Cressy | 1 |
| 1.3 | watter werk hy na skool wou doen | 1 |
| 1.4 | • Hewat Onderwyskollege<br>• In Athlone<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.5 | • Geskiedenis<br>• Geografie<br>• Engels (Huistaal)<br>• Afrikaans (Addisionele Taal)<br>*(Enige TWEE)* | 2 |
| 1.6.1 | figuurlik | 1 |
| 1.6.2 | Dit beteken dat ...<br>• hy goeie werk by die skool gedoen het.<br>• daar baie dinge is wat hy by die skool vermag/reggekry het.<br>• mense hom sal onthou vir die dinge wat hy by die skool gedoen het/hy 'n positiewe nalatenskap het.<br>• hy lank/baie jare by die skool was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Die antwoord by Vraag 1.6.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.6.2 te verdien.)* | 1 |
| 1.7 | "Hy glo alles wat gedoen word, moet tot voordeel van die kinders wees."<br>*(Geen penalisering indien die sin NIE tussen aanhalingstekens is NIE.)* | `1 |
| 1.8 | • (Hy) stap.<br>• (Hy speel) domino's.<br>• (Hy het) wedvlugduiwe.<br>• Hy beoefen sy stokperdjies.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.9 | • Die Onderwysdepartement het hom gevra om by swak skole te gaan help.<br>• Na sy aftrede het hy swak skole gaan help.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

SB RB DL



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 18
APPROVED MARKING GUIDELINE

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.10.1 | • Hy het die matrieks se skooldag verleng.<br>• Hy het Saterdagklasse ingestel/begin.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Vir hierdie eksamen geld die volgende: Indien die kandidaat die antwoord in kolpunte gee, ignoreer kolpunte en sien die eerste TWEE korrekte antwoorde na, ongeag of die antwoorde in eerste/tweede sin staan.)* | 2 |
| 1.10.2 | positiewe | 1 |
| 1.10.3 | Die skool se uitslae het verbeter.<br>*(Die antwoord by Vraag 1.10.2 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.10.3 te verdien.)* | 1 |
| 1.11.1 | D/Riyaadh se onderwysloopbaan het by hierdie skool begin. | 1 |
| 1.11.2 | A/Onder Riyaadh se leiding het dit 'n topskool geword. | 1 |
| 1.11.3 | C/Dit is die eerste skool waar Riyaadh na sy aftrede moes gaan help. | 1 |
| 1.11.4 | E/Dit is die laaste skool waar Riyaadh in 'n formele pos was. | 1 |
| 1.12 | • Hy het skole wat gesukkel het, **gehelp** om reg te kom/reggeruk.<br>• Hy het sukses behaal by die skole waar hy gaan **help** het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.13 | • Hy kon met haar oor sy werk praat.<br>• Sy het sy werk verstaan.<br>• Hy kon haar raad vra.<br>• Sy het verstaan as hy lang ure by die skool besig was.<br>*(Onthou: klem val op haar wat **ook** onderwyser was)*<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.14 | Ek kan sien ...<br>• hoe lyk die persoon oor wie die artikel handel.<br>• die artikel gaan oor 'n skool/iemand wat by 'n skool betrokke is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**TEKS B: VISUELE TEKS**
[Verwerk uit *Huisgenoot,* 30 Maart 2023]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.15 | • Hulle lag/glimlag.<br>• Hulle hou mekaar vas.<br>• Hulle vat aan mekaar.<br>• Hulle sit naby mekaar.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.16.1 | goed | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 18
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATIONS

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.16.2 | "nuwe hoop"<br>*(Geen penalisering indien die sin NIE tussen aanhalingstekens is NIE.)*<br>*(Die antwoord by Vraag 1.16.1 moet korrek wees om die punt by Vraag1.16.2 te verdien.)*<br>• | 1 |
| 1.17 | • Die groot hemp wys dat die man eers vet was./Die man wys sy groot hemp.<br>• 'n Mens kan sien die man is nie meer so vet nie/dat die hemp nou heeltemal te groot is.<br>• Die hemp wat hy dra, is kleiner (as die hemp wat hy vashou).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.18 | • Dis groot/vet gedruk/in vetdruk.<br>• Die prys is in 'n ster.<br>• Die prys is dik.<br>• Die font is groter.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.19 | • Dit is positiewe artikels/dit vertel goeie nuus.<br>• Dit sal goed wees vir my om van mooi/goeie dinge te lees.<br>• Die artikels oor ander mense kan my motiveer.<br>• Ek kan iets goeds uit ander mense se lewens leer.<br>• Ek kan iets meer leer oor mense van wie ek hou/van wie ek weet/hoor/op televisie sien.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 18
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING B: OPSOMMING

## NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf.

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal (**Let wel:** Sodra die kandidaat enige aanhaling gee, ignoreer ons die eerste kategorie vir taalpunte en beweeg na die tweede kategorie vir woordeliks aangehaal).
  - Puntetotaal: 10

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
  (Indien die kandidaat nie woordeliks aanhaal nie, moet die feit nog sin maak om die punt te verdien.)
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:**
  (Direkte aanhaling: 'n sin/deel van 'n sin woord-vir-woord volgens vraestel)
  'n Direkte aanhaling is woord vir woord. Indien een woord uitgelaat of omgeruil is, is dit nie 'n direkte aanhaling nie.
  - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 4-5 direkte aanhalings: ken maksimum 1 punt vir taal toe
  - 2-3 direkte aanhalings: ken maksimum 2 punte vir taal toe

  ***Let wel: Vergunning vir hierdie eksamen:***
  - Net 1 direkte aanhaling is nie hierbo ingesluit nie. Hanteer dit dus dieselfde as 2-3 direkte aanhalings.
  - Indien die kandidaat net een feit in die hele opsomming reg het en hierdie één feit is 'n direkte aanhaling, kry die kandidaat net één punt vir hierdie feit en géén punte vir taal nie.

**LET WEL**

**Tel van woorde:**
- Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- Indien die kandidaat die vereiste getal woorde (60) oorskry, lees nog VYF woorde verder en ignoreer die res van die opsomming.
- Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 18
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 2: OPSOMMING

### TEKS C: PAS JOU TANDE OP

[Verwerk uit *Kuier*, 27 April 2023]

| | TEKS | VERWAGTE ANTWOORDE |
|---|---|---|
| 1. | Almal hou daarvan om mooi tande te hê; daarom **is dit belangrik dat jy jou tande minstens twee keer per dag met 'n sagte tandeborsel borsel.** Om jou tande meer as twee keer 'n dag te borsel, kan nie skade doen nie. | • Borsel jou tande twee keer per dag.<br>• Borsel met 'n sagte tandeborsel. |
| 2. | Plaak vorm op die tande teen die tandvleis. **Fokus daarop om hierdie plaak teen die tandvleis te verwyder.** Plaak wat nie verwyder word nie, veroorsaak vrot tande. | Verwyder plaak teen die tandvleis. |
| 3. | **Dit is belangrik om jou tong te borsel.** Bakterieë kan ook op jou tong saampak. Dit maak jou tong wit en laat jou mond sleg ruik. | Borsel jou tong. |
| 4. | **Dit is goed om elke dag jou tande te vlos** sodat die plaak tussen jou tande verwyder word. Tandeborsels alleen kan nie hierdie areas tussen die tande skoonmaak nie. Jy kan vlos by alle supermarkte en apteke koop. | Vlos elke dag jou tande. |
| 5. | Daar is goeie mondspoelmiddels op die mark wat help om bakterieë dood te maak. **Gebruik gereeld hierdie mondspoelmiddels** vir gesonde tande. | Gebruik 'n goeie mondspoelmiddel. |
| 6. | **Gaan elke ses maande tandarts toe.** So kan jy moontlike probleme met jou tande betyds keer. | Jy moet elke ses maande tandarts toe gaan. |
| 7. | Suiker veroorsaak suur wat sleg is vir jou tande. Hierdie suur vreet gaatjies in jou tande wat baie seer kan wees. **'n Mens moet dus nie baie suiker gebruik nie.** | Moenie baie suiker gebruik nie. |
| | **GETAL WOORDE = 200 woorde**<br>**( ± 200 woorde – Disjunktief)** | **GETAL WOORDE = 49 woorde**<br>**(50 – 60/65 maksimum)** |
| | | **TOTAAL AFDELING B: 10** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 18
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

1. Spelling:
   - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
   - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
   - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.

2. Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by 'n meervoudigekeuse-vraag.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

**TEKS D**
[Verwerk uit @Vicks.co.za]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | • Vicks VapoRub<br>• Vicks<br>• VapoRub<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 3.2 | • Mense wat verkoue/griep het/siek is.<br>• Mense wat sukkel om asem te haal.<br>• Mense wat siek mense moet versorg.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.3 | 'n | 1 |
| 3.4.1 | mening | 1 |
| 3.4.2 | • Almal stem nie noodwendig saam met die adverteerder nie/party mense dink dalk anders.<br>• Dit is nie nagevors/bewys nie.<br>• Dit is die adverteerder se opinie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Die antwoord by vraag 3.4.1 moet korrek wees om die punt by 3.4.2 te verdien)* | 1 |
| 3.5 | C/die produk besig is om te werk. | 1 |
| 3.6 | splinternuut *(sp; dit moet as een woord geskryf word)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 18
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.7 | Die adverteerder gebruik ...<br>• prente.<br>• lig en donker/wit en swart<br>• verskillende lettertipes.<br>• verskillende lettergroottes.<br>• hoofletters (en kleinletters).<br>• vetdruk/dik letters.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 3.8 | Dit is goed, want...<br>• lesers kan dan navraag doen oor die produk.<br>• lesers kan dan meer inligting oor die produk kry.<br>• lesers kan dan oor die produk kla.<br>• lesers kan dan die maatskappy kontak.<br>• dit laat lesers in die produk glo/lesers voel hulle kan die produk vertrou.<br>• dit wys vir die lesers dat die produk werk/reg is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

**TEKS E**
[Verwerk uit Facebook.com]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | • vriend/vriendin *(sp)*<br>• maat<br>• pel/pêl<br>• bra<br>• broer<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.2 | bang | 1 |
| 4.3 | (Zandi sê dat sy) nie daarvan **hou** nie. | 1 |
| 4.4 | • Sy kyk op haar selfoon.<br>• Haar vingers is op die (sleutelbord van die) selfoon.<br>• Daar is strepies aan die kant van/by die selfoon.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.5 | asseblief | 1 |
| 4.6 | "én"<br>*(Geen penalisering indien die sin NIE tussen aanhalingstekens is NIE.)* | 1 |
| 4.7 | Zandi dink net die woorde. | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 18
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.8 | Dit wys dat dit ...<br>• 'n harde slag/stamp/geluid was.<br>• hard was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.9 | • Daar is (sweet)druppels langs sy kop.<br>• Sy oë is groot.<br>• Hy skree/sê HIERT!<br>• Sy uitroep is in hoofletters/groot geskryf/vetdruk.<br>• Daar is 'n uitroepteken na HIERT.<br>• Hy het sy koffie/drankie gestort/gemors.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.10 | Taxibestuurders ...<br>• doen wat hulle wil.<br>• bestuur soos hulle wil/gehoorsaam nie verkeersreëls nie.<br>• praat of lees op hulle selfone terwyl hulle bestuur.<br>• steur hulle nie aan wat hulle passasiers vir hulle sê nie.<br>• stel ander mense se lewens in gevaar.<br>• veroorsaak ongelukke.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 5.1**

**TEKS F**
[Verwerk uit *Rapport*, 15 Januarie 2023]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | jaar | 1 |
| 5.1.2 | Daarna | 1 |
| 5.1.3 | heel+te+mal **of** heel/te/mal **of** heel-te-mal | 1 |
| 5.1.4 | ... **om** haar seun **te** help. | 1 |
| 5.1.5 | • ... gaan **nie** altyd hier wees **nie**.<br>• ... gaan nooit hier wees nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.6 | studeer *(sp)* | 1 |
| 5.1.7 | Joseph **was** 'n goeie student. | 1 |
| 5.1.8 | koffiewinkel *(sp)* | 1 |
| 5.1.9 | lekker**ste** *(sp)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 18
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.10 | • Die man staan op die **leer**. *(iets waarop ons klim; s.nw.)*<br>• Die handsak is van **leer** gemaak. *(materiaal; s.nw.)*<br>• Daar is 'n **leer** in my kous. *(lang, smal gat, stukkende plek; s.nw)*<br>*(Enige sin waar die betekenis van die homoniem duidelik is.)* | 1 |
| 5.1.11 | Hy is blind, **maar** (hy) weet wanneer hulle foute maak.<br>*(Die 1 punt is vir die **korrekte verbinding** van die twee sinne. Penaliseer NIE indien die komma ontbreek of op die verkeerde plek is NIE.)* | 1 |
| 5.1.12 | eie *(sp)* | 1 |
| 5.1.13 | vir | 1 |
| 5.1.14 | harde *(sp)* | 1 |

**VRAAG 5.2**

**TEKS G**
[Verwerk uit Pinterest.com]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.2.1 | sestien *(sp)* | 1 |
| 5.2.2 | skool**tjie** *(sp)* | 1 |
| 5.2.3 | broeke *(sp)* | 1 |
| 5.2.4 | Die bal word (deur Johnny) **geskop**. | 1 |
| 5.2.5 | gelukkig/vrolik/bly *(sp)*<br>*(Of gepaste antoniem)* | 1 |
| 5.2.6 | Die kinders oefen elke dag hard om goed te kan speel. | 1 |
| | | **[20]** |

| | |
|---|---|
| **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |
| **GROOTTOTAAL:** | **80** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895 PRETORIA 0001
2024 -05- 18
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION